

15 September

Eksodus 5:1-6:12; (Teks: 5:21)

Wag in ootmoed op God se verlossing, al word jou lyding ook meer

Israel is baie opgewonde. Die Here gaan hulle verlos van die swaar slawe-arbeid. Dit gebeur egter nie soos wat hulle gedink het nie. Die lyding en swaar werk word al hoe meer en hulle verwyf die gesante van die Here. So dikwels gebeur dit anders as wat ons verwag en ons vra dan: As God 'n God van liefde is, waarom is daar soveel smart en lyding in die wêreld?

Moses en Aäron gaan na die Farao en vertel hom wat die Almagtige God beveel het. Hy is deur sy eie mense as god aanbid en luister nie na 'n ander nie. Hy moet nog die krag van God leer ken en het nog tyd nodig om hom te bekeer of te verhard. Die gevolge is vir die Israeliete oor die kort termyn nadelig. Hulle moet self die strooi gaan haal en dieselfde hoeveelheid stene lewer. Die slawedrywers slaan die opsigters en almal is kwaad vir die gesante wat God gestuur het. Hulle verwyf Moses en Aäron omdat hulle nie God se raadsbesluit raaksien nie. Hy het lankal dit so beskik dat dié leiers gebore sal word om sy raadsplan te vervul (vgl. die geslagsregister in 6:13-25). Selfs Moses is haastig en verwyf God. Vandat hy met die Farao gepraat het, word die volk net sleg behandel en Hy doen niks daaraan nie. Wanneer God nie doen wat ons vra of bid nie, dan is Hy magtelose en liefdelose wat niks kan of wil doen nie! Ons verwag kitsoplossings en vergeet dat God bo tyd verheue is en almal die geleentheid tot bekering wil gee.

Hy verkondig sy Verbond met Abraham, Isak en Jakob. Hy is die Almagtige wat die ganse geskiedenis regeer. Hy het nog 'n pad om met die Farao en sy volk te loop om hulle tot berou en tot bekering te roep. Hy vervul sy beloftes sonder enige teenstand van iemand en sal dit só doen dat almal sal beseef dat Hy die Here God is. Moenie God verkwalik as alles nie loop soos jy dit wil hê of verwag nie, maar bly Hom ootmoedig dankbaar aanbid en aanvaar sy Raadsplan wat vol liefde vir die sondaar is.

Sing: Psalm 147:4

Dr. S.J. van der Merwe (Duineveld)